# Liturgiese Riglyne

**<u>SONDAGOGGEND 9:00</u>**

## Verbittering vervreem jou identiteit

**<u>Skriflesing</u>:**
Rut 1:1-22

**<u>Teksvers</u>**:
Rut 1: 13b,16 en 20-21

**<u>Sing</u>**:
Ps 84:1, 2
Ps 119:39
Ps 73:9, 10,11
Sb 1-1:1, 2, 7
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis

**Prediker**:
Ds Lourens Venter

Soms kan ons deur woede en verbittering onsself van al ons bekendes en geliefdes vervreem. Dit gebeur baie keer as ons verkeerde besluite geneem het, of as buitengewone omstandighede veroorsaak dat ons kosbare dinge moet prysgee.

Ons staan vanoggend stil by die lewe van Rut en Naomi, waar ons duidelik sien hoe Naomi se verbittering haar identiteit vervreem sodat sy nie meer Naomi, die lieflike wil wees nie, maar Mara, die verbitterde.

**<u>SONDAGAAND 18:00</u>**

## Die Heilige Nagmaal moet in opregtheid gebruik word!

**<u>Skriflesing</u>:**
1 Kor 11:27-33
**<u>Teksvers</u>:**
1 Kor 11:27-29

**<u>HK</u>**: Sondag 30b
vr en antw 81,82

**<u>Sing</u>**:
Sb 2-2:1
Sb 17-3:1,2
Ps. 68-1:9
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis

**Prediker**:
Ds Gerrit Kruger

Die nagmaal moet met die regte gesindheid, kennis, vertroue in geloof bedien en gevier word. Die betekenis van die "gewone brood en wyn" moet ten volle verstaan, gerespekteer en in opregtheid gebruik word. Daarom is daar 'n spesiale waarskuwing oor die gebruik van die nagmaal. Dit is 'n ernstige saak as jy na die Nagmaalstafel kom sonder dat jy jou hart en denke daarvoor voorberei het. Dit is net so 'n ernstige saak as jy na die nagmaal, "sommer maar net" as 'n gewoonte gebruik. Die nagmaal **"VERSTERK"** ons telkemale in die geloof. Daar moet 'n geestelike groei en versterking wees telkemale as ons nagmaal gebruik. Met die regte gesindheid ontvang ons die Here se ryke seëninge ook in die nagmaal. Daar is drie sake waarna ons gaan kyk wat die regte gesindheid bewerk.

- Dink terug aan die kruisiging. v23-26a
- Dink vooruit na die wederkoms en die hiernamaals. v26b
- Dink aan nou jou geloof en jou harsgesindheid.v27-28,31-32




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 45 Nr 33 30 Augustus 2020**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## Verkondig Christus en Hom as gekruisigde

Die meeste van ons ken van kindsbeen af die frase: "*Jesus het vir ons sondes gesterwe*".

Maar het u al ooit gedink watter vreemde gedagte dit inhou. Dat iemand se dood ons moet bly maak. Nie net moet bly maak nie, maar jou hele lewe verander. In die meeste gevalle is die dood iets wat ons selfs ons vyande nie eens toewens nie, wat nog te sê dat jy 'n vriend of geliefde die dood toewens.

Tog praat ons met ons kinders oor die dood asof dit nie net normaal is nie, maar goed is. Jesus se dood is wonderlik! Jesus het vir jou en my aan die kruis gesterf...

Die afgelope tyd is my gedagtes geprikkel deur wat dit beteken om Christus te verkondig? Beteken dit bloot om vir ons kinders te vertel 'n jong man van so in die dertig het ongeveer 2000 jaar gelede gesterf aan 'n kruis en die lewe vir ons daardeur beter gemaak?

Of sit daar dalk iets dieper in die betekenis en die verandering van ons harte wat Christus se dood verkondig totdat Hy weer sal kom. Om Christus te verkondig beteken tog in wese dat die koninkryk van die hemele naby gekom het. Dat die dood geen mag oor die mens meer het nie. Dat ons die eiendom van God is. Dat ons lewe 'n doel en betekenis het. Dat ons elke dag ons lewe kan rig tot die eer van God. Dat ons vreemdelinge en bywoners is in hierdie wêreld.

Om Christus te verkondig is om te leef met die hoop op die onvervulde beloftes van God, wat rotsvas gevestig is in Sy woord met die bewyse van sy liefde deur Sy dood en opstanding.

Om Christus te verkondig is om vry te lewe van die vrees en verskrikking van die aanslae van hierdie lewe, met 'n diepgewortelde sekerheid in God se troue sorg en liefde. Dit is om te weet jy behoort, jy is kosbaar, jy is 'n gawe uit God se hand aan jou medemens.

Laat ons dan besef, om Christus te leef is nie om iets te kry nie, nie om bakhand te bedel vir genadekrummels van die dominee nie, maar om as erfgenaam self deel te kry aan die ewige en heerlike erfenis wat in die hemel bewaar word in Christus. Dit is om iets te gee. Dit is om te aanbid. Om jou lewe met al jou begeertes, en bo alles jou hart te offer. Om jou lewenseer aan God te gee.

Mag ons Here ons deur die krag van die Heilige Gees daartoe versterk

Lourens (VDM)

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/ en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Loof die Here!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Skakel gerus u: Ds, Ouderling of Diaken ingeval van nood.

Kerkkantoor word nie tans beman nie, u kan 'n epos stuur na kerkkantoor@gkcenturion.co.za

---

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

| Kerk se bankbesonderhede: | Inbetalings vir die Diakonie: | Inbetalings vir die Susters: |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:** Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie as:**

**Diakens**: Matthys Lourens, Willem Visser

**Onthef van die Roeping as Diakens:** Willie Jordaan, Gustav Hoffmann

**Losmaking** (geskied op 20 Sept 2020 tydens die aanddiens):

**Ouderlinge**: Andries Venter, Tewie Human

## Eredienste

Die kerkraad het op sy vergadering van Donderdagaand, 27 Augustus besluit dat eredienste weer op Sondag, 6 September in aanvang sal neem maar met beperkte deelname. U sal spoedig deur die kerkkantoor ingelig word oor die finale reëlings en protokolle wat gevolg sal word.

## Katkisasie reëlings is as volg:

- Laerskoolkinders gaan nog aan met tuis-katkisasie.
- Hoërskoolkinders gaan vanaf Sondag 6 September by die kerk normaalweg voort met katkisasie.

## Kerkkantoor

- Die Kantoor open weer by die kerkgebou vanaf Dinsdag, 1 September 2020.
- Die Kantoorure is 09:00 tot 14:00.

# Laerskoolkinders - Rut

## Soek die volgende woorde en kleur dit in

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Rut | Naomi | Orpa | Betlehem | Elimelek |
| Hongersnood | Moab | Eed | Oestyd | Mara |

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| H | A | D | G | E | T | Y | I | S | K | L | W | L |
| O | W | R | U | P | X | A | N | M | S | H | L | N |
| N | S | G | C | N | M | I | N | A | O | M | I | V |
| G | E | T | P | B | N | M | W | E | R | T | D | S |
| E | L | I | M | E | L | E | K | E | T | H | B | W |
| R | E | H | S | F | T | J | K | O | R | P | A | N |
| S | W | V | B | N | M | U | K | L | U | S | D | A |
| N | E | T | O | P | B | W | E | Y | T | V | S | N |
| O | L | O | P | M | O | A | B | T | E | R | T | O |
| O | E | M | Y | I | P | O | B | C | E | T | Y | E |
| D | W | A | R | T | U | D | V | B | R | S | N | S |
| R | F | R | Y | B | N | R | U | M | V | C | N | T |
| R | P | A | V | B | E | E | D | C | B | M | Y | Y |
| W | R | Z | B | N | R | U | I | N | E | T | M | D |
| E | O | M | B | E | T | L | E | H | E | M | A | K |



# *Ons gee om vir Mekaar*

"*...die Here sal my onder sy sorg neem.*" Ps 27:10

- Lena Malan het toetse ondergaan (C1—664 0801).
- Meelewing word betuig met Nicolai en Hester vd Merwe en gesin na die afsterwe van Nicolai se vader gedurende die week.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Katkisasie* (vir tuisonderrig)

Vandag: Les 19, Ps 33:1 Volgende week: Hersiening lesse 13-19, Ps 33:1

*Sien my in genade aan soos U altyd doen vir dié wat u Naam liefhet. Laat u woord my op die regte pad hou; moet tog nie dat enige kwaad die oorhand oor my kry nie.*
*Psalm 119:132 en 133*

## Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Teologiese studentekas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Transoranje Instituut

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis. Esther du Plessis 0718682257.

**Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal**? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Heerlike tuisgebak.** Melktert, piesangbrood, mieliekaas brood, lemoenbrood en heerlike wortelkoekbroodjie met roomkaasversiersel. Bestellings moet 24 uur vooraf geplaas word vir afhaal Vrydae. Charvette 082 319 4172.

**Speelterapie praktyk.** Wietske Boon 0824114015/ wietske@childtherapist.co.za.

**Skryfbehoeftes** vir skool en kantoor, kantoor masjiene, laser-gravering. Hein Greyling 664 3560/ hein@10uit10.co.za.

**3D Argitektoniese** Renderings/Perspektiewe vir Bemarking, Kommunikasie en Ontwerpdoeleindes - www.jaggedpixel3d.net. Johan 0833816454/ jagged@lantic.net.

**Instandhouding**—Verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; hout- of lamineervloere; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; tuindienste, ens. Hennie vd Walt 082 927 4326 / hj2vdwalt@gmail.com.

**Hi Pro hondekos** - Hennopspark, geformuleer deur diere-dieetkundige. 8kg - R80. 10kg - R100. 25kg - R230. 50kg - R450. Monsters is gratis beskikbaar. Wally tel/whattsapp 071 578 3625.

**Wildskarkaste te koop**, klaar geslag, moet self bewerk word. Pryse en meer inligting kan bekom word by Johan—hj2vdwalt@gmail.com.

**Mariza Mosca Professionele Rekenmeester** (SA) vir maandelikse rekeningkundige, betaalstrokies en belasting werk aan klein tot mediumgrootte besighede. Skakel Mariza 082 405 8565/mariza.saipa@gmail.com/ fb: @MMProfAcc.

**Laerskool kinderoppasser/Naskool**, Valhalla. Martie de Jonge by 071 108 5944/ smitm7783@gmail.com.

Gerestoureerde grondvloer **woonstel te huur**, R5800pm 1½ sk, granietblad kombuis in Bon Courage agter Unitas en langs ons kerk. Kontak Ben vd Walt 082 854 3719.

Die Here het my gelei om weer die Finansiële Beplanningswêreld te betree met ingang van DV 1 Sept 2020. Ek spesialiseer in Risikodekking, beskerming van u huidige rykdom (wealth protection); Aftreebeplanning en studievoorsiening. Tjaart vd Walt (CFP ™) 082 824 2933.

**Huis te huur** in Potchefstroom—2 sk, studeerkamer, 2bk. 2Km van NWU kampus. Kontak Frans vd Walt 082 881 2224.

## Werksoekers

**Die volgende persone stel belang in poste soos geadverteer:**

Tuindienste en enige werkies, sal ook nuwe vaardighede aanleer. Soek ook werk asb as iemand van iets weet. Kontak asb Johan by hj2vdwalt@gmail.com.

Persoonlike Assistent/kantoorbestuurder/ Bemarkingsbestuurder/Ontvangsdame vir spreekkamers. Sulize Kotze 079 795 6163/ sulizekotze@yahoo.com.

Soek enige rekenaarwerk om van die huis af te doen. Ek beskik oor al die rekenaarprogramme. Rina Burger 082 853 8215.

Gesoek: Projek bestuurder, ondervinding in BI, Data analise en finansies. Bcom Bemarkings graad. Kontak Henk Sweers vir CV, Henk Sweers henk.sweers@gmail.com / 0726781211.

**Eljada Huis—**Die volgende items word op 'n konstante basis benodig: sout, soja, rys, soppoeier, mieliemeel, suiker, sardyne in tamatiesous, gebakte bone, blikkieskos, grondboontjiebotter, konfyt, toiletpapier, tandepasta, badseep, lyfroom.

Kontak Petra Swanepoel by 082 927 7324 vir reëlings om die skenkings af te laai of u kan dit tydens die grendelwinkel in die trollie by die Jeughuis plaas.

**Eredienste op CD** Indien u opsoek is na 'n oudio-opname van 'n erediens op CD skakel gerus vir Johann Verreynne (082 554 9416).



# VERJAARSDAE

*"...U sorg vir my." Ps 16:5*

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 30-Aug | Johan | Loock | B13 | 658 5051 |
| | Retief | Snyman | A04 | 27836327603 |
| | Wimpie | Swanepoel | A09 | 27833104064 |
| 31-Aug | Elmarie | Blaauw | C11 | 27825203747 |
| | Erich | Jacobs | C14 | 27828999176 |
| 01-Sep | Rina | Burger | C06 | 27828538215 |
| | Leonie | Nagel | C10 | 27844072196 |
| | Hein | Venter | C06 | 27833576141 |
| | Chantelle | Zaayman | C10 | 27845007918 |
| 02-Sep | Hugo | Herselman | B18 | 27823218005 |
| | Danie | Rheeders | B05 | 27822566028 |
| | Corne | Smuts | A14 | 27828899691 |
| | Martin | Venter | B02 | 27832608041 |
| 04-Sep | Paul | Grobler | C07 | 27826881445 |
| | Hannes | Holtzhausen | C05 | 27834128969 |
| 05-Sep | Rassie | Erasmus | B16 | 27725909188 |
| | Rozanne | Groenewald | A03 | 27828195947 |
| | Dalene | Maritz | C04 | 27822985428 |
| | Philip | Schutte | B02 | 27827786397 |
| | Lizel | Smith | B10 | 27824191635 |
| | Lydia | van Rooyen | B10 | 27828569450 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31-Aug | Jeandre | van Aswegen | A04 | 27605250089 |
| 02-Sep | Gretha | Grimsehl | C09 | 27837784665 |
| 03-Sep | Luane | Speelman | E01 | 27718257414 |
| | Mikko | vd Walt | C15 | 27723052323 |
| | Troy | van Staden | A15 | 27842510138 |
| 04-Sep | Lisa | van Biljon | E01 | 27828479777 |

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of 'n epos na skep-hoop@gkcenturion.co.za stuur as u hulp nodig het (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949 Rudy Kruger: 082 468 6035 Petra Swanepoel: 0829277324 Theuns Louw: 082 815 4272 Drikus vd Walt: 060 569 2608

